View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)



**BYLAAG**

## GESKIEDBESKOUING EN GESKIEDVORSING *

Onder die woord „geskiedenis" kan die ganse helfte van die werklikheid verstaan word, d.i. die verandering, wording wat teenoor die ander helfte, die bestaande, die rustende syn, gestel word. In hierdie objektiewe sin is daar dan 'n geskiedenis van die heelal, van die aarde, van die plantesoort, van die besondere plante, van die mensheid, van die Romeine, van Paul Kruger, van die huwelik, van natuurkunde, ens. Nie minder omvattend as hierdie objektiewe sin van die woord sal sy subjektiewe sin wees nie, want alle objektiewe veranderinge kan in 'n menslike gees weerspieël en meegedeel word, en word daardeur geskiedenis, 'n wetenskap. So kan 'n wetenskaplike boek die naam dra van „Geskiedenis van die Kantoenstruik".

By 'n noukeuriger indeling van die wetenskappe het die woord „geskiedenis" egter sowel in objektiewe as subjektiewe sin 'n veel enger betekenis, het dit betrekking slegs op wat met die mens geskied is, en selfs nie op alles wat met die mens geskied is nie. Die geskiedenis in engere sin wil alleen behandel wat 'n menslike groep, 'n gemeenskap, 'n stam, 'n hele volk of meerdere groepe van volke gedoen en gely het. Daarby dink mens nog aan 'n verdere beperking: wat voor alle skriftelike oorlewering gebeur het of wat deur mondelinge oorlewering eers later neergeskryf as sage of andersins bekend is, word genoem „voorgeskiedenis". Die geskiedenis wil dus, om van 'n nog noukeuriger definiëring af te sien, die handelinge van die mens as sosiale wese, of beter gesê, die openbaring van die menslike gees in sy handelinge as sosiale wese sedert die begin van die skriftelike oorlewering behandel.

Maar selfs hierdie engste spraakgebruik teken met die woord „geskiedenis" nog meerdere, meestal verskeie geestelike handelinge. In die eerste plek word daaronder verstaan geskiedvorsing, d.i. die vasstelling van die feite met betrekking tot hulle getuieniswaarde. Hierdie feite lê in die verlede onklaar en verward en moet uit die oorlewering en uit oorblyfsels ontsluit word. Oorleweringe, selfs oorblyfsels, stem nie altyd ooreen nie en dit

*Professor A. J. H. van der Walt is die grondlegger van die wetenskaplike studie van die geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit. Hierdie artikel is oorspronklik in 1929 opgestel en by wyse van 'n inougurele rede voorgedra. Dit het sy aktualiteit na 27 jaar nooit verloor nie en word om daardie rede tans gepubliseer.—(Die Redaksie).

is dus nodig om uit die onnoukeurige, bedrieglike waarneming die noukeurige feite uit te sif. Maar die vind van die noukeurige feite is nie die einddoel van die historikus nie. Op die vind volg die meedeel, op die geskiedvorsi ng die geskiedskrywing.

Die naïefste antwoord op die vraag wat dan eintlik die taak van die geskiedskrywer is, is: daarstelling van wat gebeur het. So gesien, tree hy dan slegs innemend en weergewend, nie geestelik self werksaam en skeppend op nie. Daaruit volg dat hy sereen en onverskillig kan staan teenoor die filosofie van geskiedenis, d.w.s. teenoor geskiedbeskouing wat in die grond wêreldbeskouing is, en selfs dat dit vir hom as vakman beter is om afwerend daarteenoor te staan.

Die gebeurde is egter net gedeeltelik in die sinnewêreld sigbaar, vir die res moet dit langs ander weë gesoek word. Wat daarvan verskyn is verstrooid, uit verband, afgesonder. Wat hierdie stuk werk verbind, die besondere in sy ware lig stel, die geheel gestalte gee, bly buite die bereik van die onmiddellike waarneming, wat alleen die mekaar begeleidende en op mekaar volgende omstandighede kan vat maar nie die inwendig-oorsaaklike samehang self waarop alleen die inwendige waarheid berus nie. Met die naakteafsondering van die werklik gebeurde is nog skaars die geraamte van die gebeurtenis gewin. Wat mens daardeur verkry is die noodsaaklike grondslag vir die geskiedenis, die stof daarvan, maar nie die werklikheid self nie. Om daarby te bly staan, beteken die eintlike, innerlike, in die oorsaaklik-verband gegrondveste waarheid opoffer aan 'n uiterlike, letterlike, skynbare waarheid.

Die waarheid van alle gebeure berus dus op die byvoeging van die genoemde nie-onmiddellik waarneembare deel. En hierdie deel moet die historikus byvoeg. Dit kan hy alleen doen deur intuïtiewe denke, of anders deur sy fantasie soos die digter, met die belangrike onderskeid alleen dat sy verbeelding gebind is aan die ervaring en deurgronding van die werklikheid. Hy mag daarby nie iets bydig nie maar alleen die werklik deurvorste stof beter verstaan. In hierdie sin tree die historikus skeppend op, nie dat hy iets in die lewe roep wat nie werklik voorhande was nie, maar deurdat hy uit eie krag gestalte gee aan wat hy nie uit blote ervaring kon vat nie.

Hieruit volg dat dit 'n grondige illusie is wanneer die historikus meen, wat dikwels die geval is—dat hy van algemene beskouinge onafhanklik is.

As hy hom by gebrek aan filosofiese nadenke daarvan positief nie bewus is nie, moet dit hom relatief tog opval wanneer hy die een of ander rigting van die hand wys, of hom verre daarvan hou, wat by die veelvuldige en onvermy-

delike rigtinge onvermydelik is. Myns insiens is Robert Flint reg wanneer hy oordeel dat „as a rule the historians who have had no explicit philosophy of history have had but a very meagre implicit one." Dit is vir die historikus dus van groot belang om, instede van voort te sukkel met 'n „meagre implicit philosophy of history," kennis te neem van die hoofrigtinge in die geskiedfilosofie, en hom rekenskap te gee van waar hy staan. Sy werk kan daardeur slegs win aan eenheid en krag. Dit is des te nodiger waar daar by die geskiedfilosowe—en hulle is hierin geen merkwaardige uitsonderinge nie—die neiging bestaan om een sy van die sosiale gebeure as essensieel te beskou, in die veronderstelling dat alle ander kante daaruit kousaal af te lei is; of om op sy beste die graad van belangrikheid van die in die samelewing werkende kragte verskillend te meet ooreenkomstig verskille in opvatting, waaruit verskillende rigtinge ontstaan, wat dan weer in die historiografie weerspieël word. Met die oog hierop, maar veral om die verband tussen geskiedvorsing en geskiedbeskouing te illustreer, wil ek die sosiologiesnatuurwetenskaplike rigting wat in die natuurwetenskaplike atmosfeer van die 19de eeu besonder gedy en groot invloed uitgeoefen het, behandel.

In die Oudheid bestaan 'n eintlike filosofie van die geskiedenis nie, omdat die beskouing van die eenheid van die mensegeslag nie aanwesig is nie. Eers met die Christendom word hierdie noodwendige voorwaarde vervul. Daarom kry ons dan ook hier die eerste geskiedfilosofie geformuleer deur Augustinus in sy 22 „libri de civitate Dei". As inhoud van die geskiedenis sien hy die stryd tussen die „civitas Dei" en die „civitas terrena" of „diaboli" wat sal eindig met die jongste gerig. Sy opvatting is dan die prototipe geword van alle Middeleeuse geskiedbeskouinge en van alle Katolieke sisteme uit later tye soos die van Bossuet, de Maistre en Görres. Daarnaas staan die beskouing wat die ontwikkeling by die mens van die godsbewussyn as die wesenlike inhoud van die geskiedenis sien. Verteenwoordigers hiervan is Schelling in die latere fase van sy filosofie, en Lessing in sy werk „Die Erziehung des Menschengeschlechts".

Die stoot tot die ontstaan van die moderne geskiedfilosofie het egter uitgegaan van die Franse denkers van die 18de eeu: Montesquieu (*De l' espirit des Lois*), J. J. Rousseau in sy verhandeling oor die ontstaan van ongelykheid by die mens, en van Voltaire. Die eintlike stigter van die wetenskap is Herder met sy „Ideen zur Philosophie der Geschichte der Menschheit." Hy behandel daarin sowel die verklaring van die geskiedenis as die etiese bevordering daarvan, die faktore sowel as die resultate. As die faktore van alle gebeure vind hy aan die een kant die uitwendige natuur, aan die ander kant die deur God in die mens geplante aanleg. Die mens ontwikkel onder

gedurige wisselwerking van beide. So is die resultaat by verskil in aanleg en aan natuurvoorwaardes in verskillende Zone baie verskillend. By alle verskille is daar tog 'n gemeenskaplike grondtrek—die algemeen menslike, die humaniteit. Dit bestaan in die rede, in die goeie, in die welwillendheid teenoor sigself en andere, wat met die ontwikkeling van die kultuur tot steeds ryker en suiwerder uitdrukking kom, en hierdeur word eindelik die doel van die Skepper verwesenlik.

Na Herder ontwikkel die geskiedfilosofie in twee verskeie, selfs teenoorgestelde rigtinge. Die een gaan van Kant uit en vind sy volle sistematiese uitbou by Hegel. Dit sien in die menslike gees 'n bo die natuur verhewe beginsel en beklemtoon daarom die wesensonderskeid tussen die handele van die mens en die natuur. Dit erken verder 'n goddelike geesteslewe wat hom in die wêreld uitwerk en die loop van dinge bepaal. Dienooreenkomstig hou dit daaraan vas dat goddelike ideë in die geskiedenis werksaam is en 'n redelike godgewilde einddoel nastreef. God word hier egter panteïsties gedink. Die ontwikkeling in die geskiedenis is die ontplooiing van die goddelike gees self, by Hegel in die sin van redelik-geestelike vryheidsbewuswording. Die besondere moment in die historiese ontwikkeling is die gees van die volkere, wat elkeen sy eie roeping volvoer om dan afgelos te word deur ander. Die indiwidu dien dan deur 'n lis van die wêreldrede die wêrelddoel, terwyl hy meen dat hy slegs eie belange behartig en eie hartstogte bevredig. In die staat vind die versoening tussen vryheid en noodwendigheid plaas, en daarom is dit eintlik die objek van die geskiedenis.

Die tweede rigting, wat saamvattend die naturalistiese genoem word en waarvan die sosiologies-natuurwetenskaplike en die ekonomies-materialistiese takrigtinge die belangrikste is, gaan van glad ander gedagtes uit.

As voorloper van die eerste moet beskou word die Markies de Condercet. In sy geskrif oor die vooruitgang van die menslike gees, wat in 1795 verskyn het, sien hy as goeie Girondyn die doel en inhoud van die historiese ontwik-keling in die verwydering van alle ongelykheid onder die nasies, en die vervolmaking van die mens. As seun van die Rewolusie het hy sy oog nie op die indiwiduele nie, maar op die lot van massas.

„Tot nou toe," sê hy, „was die geskiedenis slegs die geskiedenis van enkele mense. Wat werklik die mensegeslag uitmaak, die massas van families wat byna net van hulle arbeid leef, is vergeet geword. Aan die naamlose massa dank die mensheid sy eerste kultuurprestasies, en hulle is die noodwendige faktore van alle verdere ontwikkeling". Vanuit hierdie gesigspunt kom hy tot 'n tweede betekenisvolle eis, nl. dat die beginsels van natuur-

wetenskap op die geskiedenis toegepas sal word. „Waarom sal die beginsel van die natuurwetenskap, dat die algemene wette wat die beginsels van die heelal bepaal, noodwendig en kontant is, minder geldig wees vir die morele en intelektuele vermoëns van die mens as vir die handelinge van die natuur?"

Die verbinding van hierdie twee gedagtes is glad nie toevallig nie. Wie die massa tot middelpunt van sy belangstelling maak, hom veral toelê op waarneming van die volkere in sy groot geheel, sal onder die indruk geraak van 'n reëlmatige, konstante, berekenbare verloop, en geneig wees om aan te neem dat dit onderworpe is aan meganiese wette soos die natuur. Hierdie grondgedagtes is oorgeneem en sistematies uitgewerk deur Auguste Comte, die grondlegger van die positiwisme in sy werk „Cours de philosophie" (1839), waarin ook die grongslag gelê word vir 'n wetenskaplike sosiologie, wat terselfdertyd ook geskiedsfilosofie is.

Die taak van alle wetenskappe is, volgens Comte, „sien om vooruit te sien" (voir pour prevoir), terwyl die metafisika alles vooruit wil sien, voordat hulle nog iets gesien het, en daarom geëlimineer moet word. Met verwydering van alle onvrugbare gesoek na „laaste oorsake" moet die wetenskappe streef nie na opeenhoping van feite nie, maar hulle toelê op ontdekking van algemene wette uit die feite.

So stel hy dan sy bekende „drie-stadia-wet" op, waarvolgens die menslike gees in sy ontwikkeling drie stadia deurloop. 1) Die teologiese of fiktiewe denkwyse, waar alles verklaar word uit demonies-goddelike wilshandelinge. 2) Die metafisiese, waar alles uit abstrakte ideë, entiteite, laaste gronde, verklaar word. 3) Die positiewe of wetenskaplike.

Ook die metodes van die verskillende takke van wetenskap verander hulle ooreenkomstig die vooruitgang in denkwyse, maar nie almal ewe snel nie. Eers kom matesis, dan astronomie, fisika, chemie, biologie, en dan eindelik ook sosiologie. Die laaste vind hy nog glad nie op die trap van positiewe denkwyse nie, maar beheers deur metafisiese abstraksies. Die taak van ons tyd is dus om hierdie, van alle wetenskappe die mees ingewikkelde, en daarmee ook die Geskiedenis, as die dinamiese deel van die Sosiologie tot 'n positiewe wetenskap te verhef.

Comte is nie bewus materialis nie, allermins biologiese materialis. Hy kan bv. nie genoeg beklemtoon dat die sosiale verskynsels nie eenvoudig as voorsitting van die natuurgeskiedenis uit die biologie verklaar kan word nie; want behalwe die biologiese faktore wat weliswaar die ganse animale kant van die menselewe bepaal, kom nog by ander faktore, wat juis die sosiologiese en daarmee die geskiedenis 'n trap bokant die biologiese verhef in

die hiërargie van die wetenskappe. As vernaamste faktor geld die menslike gees, wat rigting gee aan alle maatskaplike beweginge, maar aangesien hy prinsipieel alle metafisiese denke van die hand wys, kom hy nie tot 'n konsekwente onderskeiding van psigiese en meganiese kousaliteit nie, maar is hy in ooreenstemming met sy hele geestesrigting geneig om die eerste tot die tweede te reduseer. Die menslike gees, hoewel magtig, is nie almagtig nie. Soos alles stoflik, is ook die gees, en daarmee die maatskappy, gebonde aan drie fisiese wette.

a) Die van traagheid d.i. die van volharding in beweging of in rus.
b) Die ontstaan van 'n enekele uit veskeie deelbewegings.
c) Die wet van gelykheid van aksie en reaksie.

Hy wil die menslike funksies nie leer ken uit die waarneming van subjektiewe bewussynsprosesse nie, maar aan uitwendige waarneming enersyds deur middel van die fisiologie, andersyds deur middel van direkte waarneming van uiterlike gebeurtenisse, en wel van die gesamentlike ontwikkeling, m.a.w. sosiaal-psigologies. Daarom behandel hy ook dan ingaande die vergelykende historiese metode, „wat, deur vergelyking van die verskillende kultuurperiodes, die ware wetenskaplike insig in die voorwaardes en veranderings van die sosiale dinamiek verskaf en daardeur die enigste middel is om tot begrippe te kom wat hulle daartoe leen om in die studie van die historiese spesiaalgebiede rigting te gee". Dit dui meteens Comte se beskouing van die verhouding van die indiwidu tot die sosiale ontwikkeling aan. Net soos hy die indiwiduele psigologie terugskuif ter wille van die sosiale psigologie, so kan hy aan die indiwidu weinig betekenis toeken. Die wetgewer, selfs die genie, is geheel en al gebonde aan die kollektiewe ontwikkeling van die menslike gees, en daarmee aan die sosiale toestand van sy tyd. Hulle is slegs die sigbaarwording van die veranderinge by die rypwording van die omgewing. Hoogstens kan hulle die intensiteit en die wyse van verwesenliking sekondêr bepaal.

Teenoor die indiwidualistiese beskouing stel die positiwisme dus 'n kollektiwistiese, en teenoor die beskouing van die geskiedenis as 'n eenmalige proses met 'n apriories aangenome noodwendighied in sy verloop, 'n natuurwetenskaplike, wat as doel het die ontdekking langs suiwer empiriese weg van algemeen geldende wette.

Deur hierdie veronderstellinge is hierdie geskiedopvatting streng bepaal. Ooreenkomstig sy aard is die Sosiologie, teorie van die wese van die maatskappy, wat met die familie en sy fisiologies bepaalde trekke begin (Comte sê: die natuur het al die koste van die familie-inrigting nog self gedra), om

dan voort te gaan tot die horde, en van daar tot die militêr-regtelike staat, om dan eindelik op te klim tot die daaruit spruitende mensheidsmaatskappy. Steeds staan die gemeenskap en sy ontwikkeling in die middelpunt. Dit ontbreek hierdie opvatting van die geskiedenis dus nog aan grootsheid, nog aan die gevoel vir die eiendomlike van sy gebied.

Die vraag is nou, hoe dit die historiese denke in die algemeen en die navorsing in die besonder beïnvloed, en in hoeverre kan en moet die geskiedenis, om wetenskaplik te wil wees, voldoen aan die grondeise wat dit gestel het?

Die geskiedenis het sinds Herodotus gebeurtenisse en mense geskilder; gebeurtenisse wat gewigtig geskyn het, en mense wat deur hul dade die oorsprong van die gebeurtenisse was. Die sg. pragmatiese geskiedskrywing, wat op hierdie suiwer verhalende gevolg het, het wesenlik geen ander objek gehad nie. Alleen het hulle die oorsake, en wel die onmiddellike gevolge, ietwat skerper nagegaan, en daaruit morele en politieke lesse probeer distilleer. So is dit heel natuurlik dat die groot persoonlikhede in die oë van die geskiedskrywer die draers van die geskiedenis geword het, hulle lewe vir die lewe van die volk gegeld het, alle gebeurtenisse uit hulle dade tot algemene bevrediging verklaar is. Hierdie gedagte is origsins gesteun deur die Middeleeuse teologiese opvatting dat die deur God geroepe profete die bewegers van die lewe is. Die manne van die agtiende-eeuse Aufklärung het aan die een kant hierdie beskouing tot sy uiterste, selfs tot absurde konsekwensies gedrywe, aan die ander kant die eerste poging aangewend om dit te deurbreek. In 1871 bv. skrywe Holbach: „te veel prikkelstof in die gal van die dweper, te warm bloed in die hart van 'n veroweraar, 'n spysverteringstoring by 'n monarg, 'n gril wat deur die kop van 'n vrou gaan, is genoegsame oorsake om 'n oorlog te ontketen, miljoene mense na die slagbank te stuur, stede in as te lê, volkere in rou en ellende te stort, hongersnood en pes te kweek, deur lange eeue heen verwoesting en ongeluk op die aardbodem voort te plant." Dit is 'n tipiese weerspieëling van die oorskatting van die mag van die absolute monarg in daardie tyd. Maar aangesien die historiografie sy aandag ook gerig het op ander as politieke geskiedenis, nl. op die geskiedenis van handel en nywerheid, en veral op die ontwikkeling van die kultuur, het hulle voor verskynsels te staan gekom wat onmoontlik uit die wilshandeling van 'n regent alleen verklaar kan word, omdat hulle nie tot een staat alleen beperk was nie. Hulle het sodoende tot 'n verklaringswyse geraak wat deur Fueter as die „historische Katastrophentheorie" aangedui word. Dit laat die voorsienigheid of toeval net so abrupt in die historiese verloop ingryp as die verligte despote in die inrigting van hulle state. Ook

aan kultuurverskynsels moes in-die-oogvallende uitwendige gebeurtenisse die stoot gee. So word die Renaissance verklaar deur die val van Konstantinopel in 1453 en die gevolglike vlug van die Griekse geleerdes; die herlewing van die regswetenskap in die M.E. deur die ontdekking in Amalfi van die Pandekte van Justinianus, wat vandag ook nie heeltemal uit ons skoolhandboek verdwyn het nie.

Die 19de eeu het allerweë dan 'n afwyking gebring van die indiwidualistiese opvatting. Vir die romantiese, met hulle dogma van die volksgees, en vir die Hegeliane met hulle sigself in die geskiedenis ontplooiende wêreldgees, was dit in sy eensydige vorm klaarblyklik uitgedien. Maar hier bly tog nog 'n enge verband tussen die algemene en die indiwiduele, waar die eerste slegs deur die tweede aanskoulik word. Die groot persoonlikhede bly by voorkeur die openbaarders en werktuie van die wêreldgees. Op grond van hulle natuurwetenskaplike standpunt, waarvolgens die doel van die geskiedenis as wetenskap moet wees die opsporing van algemeen geldende wette, kon die positiwisme hiermee geen genoeë neem nie. By hulle natuurwetmatige konstruksies was die indiwidu hulle nie slegs onverskillig nie, maar moes sy betekenis weens sy bose neiging om alle wetmatigheid te weerstreef prinsipieel tot die minimum gereduseer word. Hierbo is reeds uiteengesit hoe Comte die rol van die genie op alle gebied beperk tot 'n beter oorsig oor die noodwendige ontwikkeling. Sy volgeling, Taine, kon die afhanklikheid van die kunstenaar van sy milieu, wat by hom is die gees en sedes van sy eeu, nie genoeg beklemtoon nie. Maar by beide word nog erken dat die grootman gradueel bokant sy tydgenote uitmunt. Dit word deur 'n ander volgeling, nl. Bordeaux, betwis. Vir hom is beroemdheid slegs die weerklank van 'n naam in die massa wat heeltemal blind en willekeurig hulle byval skenk. Die verhewendheid van hulle helde is niks anders as voortskrydende idealisering nie. In die nabyheid lyk die helde klein. In die geskiedenis van die tegniek is daar geen nuwe uitvindings nie, slegs vervolmakinge. Geen enkele man is die oorsprong van 'n kunswerk nie, maar die hele gemeenskap. Daarom is die hoogste vorm van poësie die volkspoësie wat juis ophou as die beroemde digter verskyn. Oorspronklikheid bestaan dan ook slegs daarin om op onnäapbare wyse na te aap.

In die staatslewe gaan dit nie anders nie. Napoleon het weliswaar beweer dat „'n leër van hase deur 'n leeu aangevoer, beter is as 'n leër van leeus deur 'n haas aangevoer," maar daarteenoor staan die uitsprake van Pyrrhus

en ander groot veldhere wat die teenoorgestelde beweer. Despotisme bestaan nie uit die geweldadige eienskappe van die eenling nie, maar uit die slaafse gesindheid van die massa.

Met Montaigne sê hy: „wat ek self in die konings aanbid, is die menigte van hulle aanbidders." 'n Groot volk het nooit 'n groot man ontbeer nie.

As Napoleon voor Toulon gesneuwel het, sou in sy plek getree en sy rol gespeel het, Hoche of Kleber of Moreau of iemand anders. Hy was niks anders as die Franse Rewolusie in „mensegestalte" nie. Die stigters en hervormers van godsdienste is slegs verkondigers van wat in die volk lewe. Luther verklaar nie die Hervorming nie, maar word veelmeer verklaar deur die behoefte aan hervorming. Die waarheid is dat volke deur die mond van sy profete spreek, en sy stem is die stem van God.

Waar die mens as soort vir Bourdeau draer is van die geskiedenis, is ook sy funksies as soort die enigste voorwerp van die geskiedenis. Hulle voltrek hulle volgens vaste noodwendigheid en onveranderlike oorsake. Met die bykom van sekere aanleidinge (causes occasionelle) ontstaan gebeurtenisse, wat tot nou die enigste voorwerp van die geskiedenis was. Hulle is egter slegs besondere verskynsels van die funksies, en hoewel variabel volg hulle tog die wette van die konstante, nl. van die funksies. Hulle is slegs lokaal en tydelik werksaam, en hulle spoor gaan weldra verlore, terwyl die funksies algemeen en bestendig werk. Wie die gebeurtenisse ken, ken nog slegs die HOE van die verskynsels waarmee die „kudde hamels", soos hy die geskiedskrywers noem, hulle tot nog toe tevrede gestel het. Die funksies eers gee die antwoord op die WAAROM. Die funksies vorm dus die magtige onderstroom van die geskiedenis waaraan die indiwidu of gebeurtenis niks kan verander nie.

So probeer Bourdeau die groot persoonlikheid in die massa oral onder te druk. Die werk van die indiwidu is niks, die „rypheid van dinge alles." En hierdie geloof aan die onmag van die indiwidu is met weinig uitsonderinge die algemene by die Franse sosioloë. Wat die vakhistorici betref, hulle het met enkele uitsonderinge hierdie opvatting met al sy konsekwensies omhels en 'n poging aangewend om dit metodologies in hulle werke toe te pas. So bv. Thomas Buckle in sy „History of Civilization in England" wat in 1857-61 in twee boekdele verskyn het. Hy motifeer sy standpunt deur te beweer dat konings, staatsmanne, wetgewers in elke beskaafde land die geestelike ontwikkeling eerder teehou as bevorder: „in 'n algemene oorsig oor die vooruitgang van die mensheid moet hulle beskou word as poppe wat hulle op 'n klein verhoog breed maak." En in Duitsland Karl Lamprecht

in sy „Deutsche Geschichte", waarin hy algemene wette vir die ontwikkeling van die Duitse volk opstel, en daarby die indiwidu slegs deur „kunsmatige appersepsie" kenbaar, dus werklik onkenbaar en boonop van geen gewig nie, uitskakel.

By die gros van historici is hierdie bewuste toepassing egter afwesig, want die beïnvloeding bestaan in 'n min of meer onbewuste penetrasie in hulle denkwyse. Hulle beweeg hulle derhalwe oor die algemeen op 'n middellyn, skenk veel meer aandag aan die toestandelike en aan massale beweginge as vroeër, sonder om die indiwidu en sy werking uit te skakel. So ontdoen aan sy eensydigheid kan die weldadigheid van die uitwerking van die kollektiwistiese opvatting nie betwis word nie. Tog bly dit nodig vir elke historikus om hom op hierdie punt bewus rekenskap te gee, omdat sy standpunt sy vraagstelling, en daarmee die besonderhede van sy vorsing, bepaal.

By 'n poging om dit te doen kan uitgegaan word van die stelling wat skaars betwis sal word, dat die indiwidu as sodanig nie voorwerp van die geskiedenis is nie. Die geskiedenis is die geskiedenis van tipiese eenhede, stamme, volke, die mensheid, en historiese bewegings en toestande van kleiner of groter groepe. Die vraag is dus slegs welke aandeel die indiwidu het aan die veroorsaking daarvan. Daarby geld dit dan in die eerste plek om te ondersoek hoe die ideë ontstaan wat die handelinge van 'n groot man stuur.

Byna alle groot manne het dit uitgespreek dat hulle skoonste gedagtes plotseling en onbewus in hulle siel opgestyg het en vir hulle self 'n verrassing was. Ons kan met een getuie volstaan. Goethe skryf aan Ekkerman: „Jede Produktivität höchster Art, jede Erfindung, jeder grosse Gedanke, der Früchte bringt und Folgen hat, steht in niemals Gewalt und ist über aller irdische Macht erhoben. Dergleichen hat der Mensch als unverhoffte Geschenke von Oben, als reine Kinder Gottes zu betrachten, die er mit freudigem Danke zu empfangen und zu verehren hat." Dit los egter die vraagstuk nog nie op nie. Want die vraag is ten slotte: kom die ideë deur onmiddellike ingewing, neem die indiwidu dit uit homself, in teenstelling tot die omgewing, of moet dit in die omgewing sterk teenwoordig wees, om in hom pos te vat en deur hom ooreenkomstig sy aanleg verder vrugbaar gemaak te word? Ek meen die laaste is die geval. Want met welke ryke aanleg die indiwidu ook mag gebore word, hy is vir die bevrediging van sy primêre menslike behoeftes afhanklik van die omgewing in wyere sin. Ook sy voorstellinge en begrippe, gewaarwordinge en begeertes ontvang hy van die kring waarin hy gebore en opgevoed word. Is die groot man dan soos Bourdeau meen en Herbert Spencer uitdruklik sê, slegs 'n onbelangrike

geleentheidsoorsaak wat 'n reeds voorhande latente krag in werking bring, wat dus geen belangrike hindernis kan verwyder nie? Of is hy meer? Kan hy die voorhande kragte versterk, iets bydoen waartoe niemand uit die massa instaat is nie? Ook die meeste kollektiwiste stem dit toe wanneer hulle oordeel dat die groot persoonlikheid gradueel bokant sy tydgenote uitmunt, dat hy beter sien, dieper voel, sekerder oordeel en daaruit volg dat hy noodwendig 'n versnellingsmoment van elke beweging is.

Maar ek wil nog verder gaan. By hierdie kwantitatiewe kan ook nog kwalitatiewe verskille kom, en daarop kom dit juis aan. Wie met groter aanleg begaafd is, meer volhardend, meer konsekwent in sy nadenke is as 'n ander, kan nie slegs 'n groter hoeveelheid maar ook 'n ander hoedanigheid van kennis bereik. Hy kan tot gedagtes deurdring wat hom nie alleen alles wat voorheen bereik is in 'n beter ordening laat sien nie, maar wat hom ook 'n nuwe gesigspunt gee, wat tot 'n reeks nuwe ontdekkinge of handelinge kan lei. Alleen die indiwidu kan slegs in sy tyd en gedeeltelik deur middel van sy tyd en omgewing geken word. Net soos hy slegs in die volheid van die tyd verskyn, kan hy ook alleen daarin met gevolg handel. Waar hy in sy omgewing geen geestelike aanknopingspunte vind nie, moet sy ideë soos water in woestynsand vervloei.

'n Tweede hoofgedagte van die positiwisme uit Comte se skool is dat die geskiedenis nomoteties moet wees. Hierdie gedagte is soos reeds aangedui, eng verbonde aan die eerste. Die gewone daarstellende geskiedenis is volgens hierdie opvatting 'n vorm van kuns, geen wetenskap nie. Dit bied vir die geskiedenis hoogstens die materiaal en die voorbeelde. Daarby mag die historikus, wil hy man van wetenskap wees, nie bly staan nie. Hy moet na die voorbeeld van die natuurwetenskappe wat kragtens hulle doel en metodes alleen die reg het om as wetenskappe te geld, voortskry tot die opsporing van algemeen geldende wette, hy moet „sien om vooruit te sien".

Comte self het die voorbeeld gegee met die „drie-stadia-wet" wat hy as fundamenteel vir alle geestelike ontwikkeling in die samelewing beskou het. Na hom het verskeie historici en geskiedfilosowe pogings aangewend om die wette te vind wat alle historiese ontwikkeling bepaal. So het Buckle met die eiegeregtigheid van die outodidakt geglo dat hy uit die beperkte stofmassa wat tot sy beskikking gestaan het, die wette van alle menslike gebeure gevind het. In Duitsland het Karl Lamprecht in die Duitse ontwikkelingsgeskiedenis nagespoor bepaalde kultuurtrappe wat hy dan as van toepassing beskou het op die hele mensheidsgeskiedenis. Vir die geestelike kultuur noem hy die agtereenvolgende kultuurtrappe: animisme, simbolisme, tipisme, konwensionalisme, indiwidualisme, subjektiwisme. Op materiële gebied

gaan daarmee gepaard die tydperk van okkupatoriese huishouding, van naturaalhuishouding verdeel in twee trappe, nl. kollektiwistiese en indiwidualistiese huishouding, eindelik die tydperk van geldhuishouding met dieselfde twee onderskeidende trappe. In 1905 het Kurt Breisig in sy werk „Der Stufenbau und die Gesetze der Weltgeschichte" onderneem om 24 wette op te stel waarvan ek hier twee as voorbeelde noem: a) „Uit die veelgodery by alle volke wat onder 'n sterk en uitgebreide koningsheerskappy staan, moet die verering van enige, uiteindelik van een enige God ontwikkel". b) „Uit die tyd van geringe handeling van die staat na buite wat met die adelheerskappy en hulle menigvuldige twiste verbonde is, moet met die engere samesluiting van die konstitusie 'n tyd van opvallend vermeerderde staats- en veroweringsoorloë volg."

Hierby kan nog genoem word die antropogeografiese wet van Herder dat die beskawing van oos na wes beweeg, en die van Mongeoll dat die beskawing van die berge na die vlaktes, van die ewenaar na die pole gaan.

In soverre as wat die wetenskap hierdie konstruksies onbevange getoets het, het dit telkens geblyk dat hulle tydelik bepaal is en dus nie vir alle tye geldig is nie. Dat sommige daarvan in meerdere of mindere mate heuristiese waarde besit word nie betwis nie. Beswaar kan alleen gemaak word wanneer daar 'n etiket met die woord „moet" aan gehang word, of wanneer dergelike konstruksies as eintlike doel van die geskiedenis as wetenskap gestel word. Met treffende sarkasme sê A. D. White: „Meeting our ethical necessity for historical knowledge with statistics and tabulated sociology entirely or mainly, is like meeting our want of food by the perpetual administration of concentrated essence of beef." („On studies in general history and history of civilization", New York, 1885).

Die geroep om wette vir die geskiedenis het egter nie beperk gebly tot hierdie persone nie. Met 'n ware verwarring van gedagtes word dit as slag woord aangetref by nie-historici sowel as by historici, by materialiste sowel as by inkonsekwente idealiste. 'n Metafisiese grondslag daarvoor kan alleen die materialiste toon. Maar selfs as die hipotese dat meganies werkende natuurkragte die gesamentlike reële verskynselwereld, insluitende die geestelike, bepaal, sou waar wees, dan is daarmee die vraag of die verskynsels van die maatskaplike lewe deur wette kenbaar is, nog nie finaal bevestigend beantwoord nie. Want dit is nog bowendien 'n kenteoretiese, 'n metodologiese vraagstuk. Selfs wanneer 'n wetmatige verloop in natuurwetenskaplike sin toegegee word, bly die vraag nog of die opsporing van wette in die geskiedenis moontlik is.

Hierop kan geantwoord word dat wetmatig-kenbaar in die eerste plek

is die uitwendig-natuurlike voorwaardes waaronder die mens lewe, en sy eie suiwer fisiese wese wat 'n deel is van die konstante oorsake van die geskiedenis. Maar hulle is dit slegs „an sich" en nie in die resultate van hulle uitwerking wat hulle eers deur middel van hulle psigiese kousaliteit beoefen nie. Alle uitwendige natuurlike, waaronder ook biologiese prikkels, word eers vir die geskiedenis werksaam in soverre as wat hulle die motiewe van handelinge word. As daar dus wette kenbaar is, moet dit psigiese wette wees. Nou is daar geen twyfel nie dat psigiese wette wel aanwending vind in die geskiedenis. Hulle vorm metodologies die grondslag daarvan en alleen daardeur kan een mens die ander in sy handelinge en motiewe begryp. Ons neem bv. aan dat haat en liefde vir alle mense oral en altyd dieselfde is. Maar by alle gelyksoortigheid van die werkende fisiese en psigiese kousaliteit word die menslike handelinge wesenlik bepaal deur die besondere aksies wat op die prikkels volg. By die ingewikkeldheid van prikkels en reaksies in die menslike samelewing, word dit heeltemal onmoontlik om vooraf te bepaal, selfs by 'n bepaalde groep of onder bepaalde inwerkinge, of die groep so of so gaan reageer, bv. of onder sekere omstandighede 'n rewolusie moet intree en in welke vorm dit hom sal uit. Waar dit die geval is met een en dieselfde gemeenskap, is dit soveel moeiliker by ruimtelik of tydelik verskeie mense of groepe.

Die feit dat by die veroorsaking die verskillende komponente nie altyd op dieselfde wyse in werking tree nie, m.a.w. dat 'n onberekenbare element wat ons hier maar „toeval" sal noem, aanwesig is, maak dus dat by die kwalitatiewe verskille by indiwidue 'n voorafbepaling van die noodwendige verloop van die geskiedenis uitgesluit is. Wat die historikus wel kan doen, is om uit die feitelike realisering van een of ander werking die veroorsaking te ontsluit, maar dit geld dan alleen vir die bepaalde werking of ontwikkelingsry. So kan hy bv. by die botsinge in die statesisteem wat by die aanvang van die nuwe tyd in Europa bestaan het, die groei van internasionalisme wat die oog het op die beperking van daardie botsinge, nagaan. Hy kan dit in sy oorsaaklike verband vervolg in sy verskillende uitinge vanaf die ontstaan en toepassing van die teorie van die Europese magsewewig tot by die moderne Volkerebond (en V.V.O. *), maar hy kan daarmee nie die ontwikkelingsgang by 'n ander statesisteem vooraf bepaal nie. Hy kan slegs op grond van historiese ervaring in die maatskaplike lewe en binne 'n sekere kultuurkring bepaalde „Gestaltungs-tendenzen", om 'n woord van Som-

*Die Redaksie.

bart te leen, sekere riglyne en 'n bepaalde ritme in die veranderinge vasstel. Sulke tendense is inderdaad vir die historikus onmisbaar, maar hulle is geen wette nie. Geskiedenis kan ongetwyfeld in 'n streng wetenskaplike gees beoefen word, maar die aard van sy materiaal sluit 'n organisasie daarvan as eksakte wetenskap uit.

Hiermee, meen ek, het ek genoegsaam aangetoon watter enge verband daar bestaan tussen geskiedvorsing en geskiedbeskouing wat ten slotte berus op wêreldbeskouing. Dit is daarom vir die historikus van kardinale belang om die grondstromminge te leer ken en 'n eie bewuste standpunt te win wat met die uitskakeling van alle eensydigheid sy werk alsydig sal verryk instede van dit eensydig te beperk.